higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TEORIE VAN POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 3

(8011023)

21 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Polisie se groepetiek	A	moet volgens die wet bekragtig word
1.2	Professionele etiek	B	Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika
1.3	Gedragskode	C	die etiese gedrag van 'n groep polisiebeamptes
1.4	Die Handves van Regte	D	fokus meer op die voorkomende styl van polisiëring
1.5	Polisieaanspreeklikheid	E	verwys na die beheer van operasionele planne
1.6	Gebruik van geweld deur die polisie	F	meer reaktief, militaristies en aggressief in sy benadering en reaksie op situasies
1.7	Polisiediens	G	'n stel reëls wat voorskryf hoe lede van 'n professie behoort op te tree
1.8	Polisiemag	H	die mense word beskerm teen marteling of ander wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf
1.9	Strategiese beheer	I	'n verklaring oor hoe mense hulle behoort te gedra
1.10	Beheer oor werksaamhede	J	vind plaas aan die bopunt van die organisasie en handel oor die oorkoepelende doeltreffendheid van die organisasie

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Persoonlike etiek beteken die sedes, waardes en oortuigings van 'n individu.

2.2 'n Etiese kode behels 'n verklaring oor hoe mense behoort op te tree en hulle moet gedra.

2.3 Diskresie is 'n oordeel wat 'n polisiebeampte in 'n spesifieke situasie vorm.

2.4 Organisering is die proses waarvolgens 'n struktuur geskep word.

2.5 Vigilantisme in Suid-Afrika is hoegenaamd nie gekoppel aan die konsep van 'populêre geregtigheid', 'informele geregtigheid' of 'gemeenskapsgeregtigheid' nie.

2.6 'n Eienskap van 'n vigilanteaktiwiteit is dat dit 'n sporadiese handeling is.

2.7 Goeie voeding lei tot 'n toestand bekend as wanvoeding.

2.8 Wanneer jy jou ses maande lank tot 'n basiese kragoefeningprogram verbind het, kan jy daaraan dink om na 'n intermediêre kragoefeningprogram te vorder.

2.9 Die belangrikste verskil tussen basiese en intermediêre strekking is dat jy in basiese strekking probeer om die buigsaamheid te verbeter wat jy in intermediêre strekking ontwikkel het.

2.10 Die posverwante batteryfiksheidstoets is 'n polisiefiksheidstoets wat polisiebeamptes help om sommige van die fisieke aspekte van polisiëring uit te voer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1.1–3.2.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

statistiese; strategiese; statiese; nabyheid; operasionele; opsionele; reaksie; reaktivering; verslagdoening; indirek; direk; ongeveer

3.1 Verskillende soorte organisatoriese planne soos taktiese planne, (3.1.1) ... planne en (3.1.2) ... planne kan geïdentifiseer word.

3.2 Die polisie se (3.2.1) ... -tyd is die tyd wat dit duur om op 'n oproep om hulp van die gemeenskap te reageer. Dit is duidelik dat die tyd wat dit duur om die misdaad aan te meld, die aankoms van die polisie en die moontlikheid van 'n arrestasie (3.2.2) ... sal beïnvloed. Die (3.2.3) ... van die polisie aan die misdaadtoneel sal uiteraard die reaksietyd beïnvloed.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Beskryf wat met *kollektiewe bedinging* bedoel word. (2)

4.2 Noem DRIE voordele wat goeie leiers inhou. (6)

4.3 Verduidelik wat met die binnestebuite ('inside-out') leierskapsteorie bedoel word. (2)

4.4 Noem die TWEE tipes noodsaaklike voedingstowwe. (2)

4.5 Noem VIER voordele van vette en olies vir mense. (4)

4.6 Hoe kan jy dehidrasie tydens werksure vermy? (5)

4.7 Noem VIER voorbeelde van intermediêre kardiorespiratoriese oefening. (4)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 5

Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae:

Suid-Afrika het ná die 1994-verkiesing drasties verander. Hierdie politieke verandering het ook die wyse waarop polisiëring sedert 1994 gedoen word, beïnvloed. Met die nuwe demokrasie moet die gemeenskap betrokke wees by polisiëring en die opleiding van polisiebeamptes moes dienooreenkomstig aangepas word.

5.1 Verduidelik die gemeenskap se betrokkenheid as 'n noodsaaklike kenmerk van gemeenskapspolisiëring. (2)

5.2 Die polisie het sekere bevoegdhede en gesag in die grondwetlike demokrasie.

Onderskei tussen die volgende:

5.2.1 Polisiemag

5.2.2 Polisiediens

(2 × 4) (8)

5.3 Abraham Maslow was 'n sielkundige wat 'n behoeftehiërargie ontwikkel het.

Noem en verduidelik die vlakke van hierdie hiërargie. (10)

5.4 Bespreek die voordele en nadele van indiensopleiding. (6)

5.5 Definieer die term *klandestiene ('undercover') werk.* (2)

5.6 Een van die probleemoplossingsprosesse staan bekend as SARA, wat vier stadiums verteenwoordig.

Noem TWEE ander stadiums wat deel is van die probleemoplossingsproses. (2)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 6

Polisie-etiek en konsepte is belangrik oral in die wêreld. In demokratiese lande word beroepspersone deur 'n etiese kode gerig – 'n stel morele reëls wat hulle moet nakom.

Bespreek polisie-etiek deur na die volgende te verwys:

6.1 Bespreek enige VYF van die artikels van die Gedragskode vir Wetstoepassingsbeamptes ('CCLEO'). (5)

6.2 Lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens voer hul pligte ingevolge VYF beginsels uit.

Noem en bespreek hierdie beginsels. (15)
[20]

OF

VRAAG 7

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

'n Polisiebeampte beoefen diskresie wanneer hy of sy vry voel om 'n keuse tussen moontlike handelswyses of onaktiwiteit te maak. Die polisiebeampte 'voel vry' om die betrokke keuse te maak as die keuse volgens wet toelaatbaar is, of deur die beleide van die polisieagentskap toegelaat word, of deur die gemeenskap aanvaar word.

Bespreek wat diskresie is wanneer na die 'beginsel van polisiediskresie' verwys word. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou